**15 Julie** **Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19**
**Fokusgedeelte: Genesis 22:8, 13, 14**

## God voorsien alles wat Hy vra

Dit is maklik om te sê dat ons op die Here vertrou. Wanneer ons egter gevra word om dit wat vir ons die kosbaarste is, op te offer, kan gesien word of dit maar net lippetaal is en of ons God daadwerklik vertrou. Vir Abraham was Isak die belangrikste en kosbaarste in sy lewe. Sy lewe lank het hy daarna verlang om 'n erfgenaam te hê. Uiteindelik het die Here Isak aan hom gegee toe hy al oud was. Nou eis die Here dat hy Isak moet opoffer. Daarby laat Hy hom ver loop sodat hy baie tyd het vir dink en twyfel. Maar deur die krag van sy sterk geloof het Abraham gegaan sonder om teë te praat of te twyfel. Hy het vas geglo dat God sou voorsien. Die Here het voorsien, want Hy vra van ons niks wat Hy nie ook sal voorsien nie. Later sou Hy by hierdie selfde plek die volmaakte Offerlam voorsien om geslag te word vir my sonde sodat ek die lewe kan hê.

God voorsien volmaak en ten volle. Daarom kan ek Hom met die daad vertrou dat Hy vandag ook vir my sal voorsien. Daarom kan ek opoffer wat Hy ook al van my vra, al is dit wat Hy vra vir my ook hoe kosbaar. Ek weet immers ek sal nie verloor nie, omdat Hy vir my die beste voorsien.

*Sing: Psalm 105:1, 5 (Totius)* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*